# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 24 SEPTEMBER 2023

## SEWENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Die RCA "Living Waters"-gemeente***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Esegiël 18:1-4, 25-32; Psalm 78:1-4, 12-16;**
**Filippense 2:1-13; Matteus 21:23-32**

| **SONDAG, 24 SEPTEMBER** | |
|---|---|
| | POSDAG |
| | **ERFENISDAG** |
| | DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Hannes Burger |
| | Deuroffer ten bate van: RCA (Indiërsending) |
| | Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| GEEN | Kleuter- en Kinderkerk |
| GEEN | Senior kategese |
| GEEN | Gemeentetee |
| **MAANDAG, 25 SEPTEMBER** | |
| | **OPENBARE VAKANSIEDAG** |
| **DINSDAG, 26 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 27 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 28 SEPTEMBER** | |
| 10:00 | Dienssentrum vir Seniors: Wimpy Soneike |
| Sopbeurte: | Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche, Wilma Steer, René Arendse, Tina Theron |

| VRYDAG, 29 SEPTEMBER | |
|---|---|
| | **SKOLE SLUIT** |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 30 SEPTEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 1 OKTOBER** | |
| | AGTTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE<br>BIDDAG VIR BEJAARDES |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |

# GEMEENTENUUS

1. Sanet Koen (Swaansingel) se operasie is geskuif na komende week.
2. Japie Kitshoff (Manatokalaan) se heupvervanging het goed afgeloop.
3. Tannie Anita du Preez (Huis de Kuilen) het toetse ondergaan.
4. Drienie Coetzee (Othello) sterk aan na ‘n knievervanging.
5. Vissie Vermaak (Alta du Toit woonstelle) het oogoperasies ondergaan.




# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is vanaf Dinsdag weer aan diens.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

24/09 Johan Nel, Janita Brits, Jacques Pienaar
25/09 Marcelle Schreuder, Celésti van Zyl, Leeanne de Wit, Janelle Smit, Jandré Swanepoel
26/09 André Smuts, Dori-ann Schäfer, Gerhard Swart, Jannie Carstens(84), Amia Bartin
27/09 Wynand Deysel, Danie Bruwer, Nora van der Merwe, Jorina Botha
28/09 Tielman Roos, Estelle Hugo, Ettienne Vosloo, Caylem du Plessis, Daniël Gresse, Gerda Nel
29/09 Marja Calitz, Estelle le Roux
30/09 Riaan van Zyl, Petra Wickens, Ruald Coetzee, Michael Prins, Leah Geyer



# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## RCA Kaapstad / Living Waters gemeente

Die RCA is gewortel in die Indiër-gemeenskap van Suid-Afrika sedert die ontstaan van die kerk in 1968. Die Sunthosham Gemeente is as werkkring in Kaapstad gevestig binne die Rylands woongebied. Tans fokus dié gemeente, bekend as Living Waters, op die uitleef van die Christus-evangelie aan hul Moslem- en Hindoe-naastes in die Cravenby-area deur middel van vriendskapsevangelisasie, gemeenskapsbetrokkenheid en diens. Die gemeente is klein en trek swaar. Hulle maak vir hul bediening in die Skiereiland besonder staat op die aktiewe meelewing, voorbidding en finansiële ondersteuning uit ons NG Kerkfamiliekring. Ds Theo Francis is tans die predikant by RCA Living Waters in Cravenby waar twee ouderlinge hom bystaan.

Getuienisaksie | 021 957 7184 | missio@kaapkerk.co.za
Webwerf: http://getuienis.christians.co.za

# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 18 Oktober 2023 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om 'n sukses van die aand te maak. Die koste per tafel van 8 mense is R2000.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is om as gasheer/-vrou op te tree.



Dirk Brits
Sameroeper

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif na Saterdag 21 Oktober 2023.

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.



# HUIS DE KUILEN

Huis De Kuilen hou Buitelug Fees op 28 Oktober 2023.
Aksie Samiritaan help met die Pannekoek tafel, maar hulle benodig hulp met die bak, rol en suiker strooi.
Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.



# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45          10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Dankie vir die verrassings wat elke week by Die Kosmandjie opdaag!



**Spenslys**

| | |
|---|---|
| Melk / melkpoeier | Kookolie |
| Koffie | Bruismeel |
| Suiker | Soja maalvleis |
| Spaghetti | Tuna/sardientjies |

Jy maak 'n groot verskil vir iemand wat dit werklik nodig het.

Groetnis

# WELGEMOED IN SIMFONIE

Die Kaapstad Filharmoniese orkes bied aan WELGEMOED IN SIMFONIE, 'n sonsondergangskonsert by Bellville Gholfklub op Sondag 1 Oktober 2023.
Hekke open om 15:30 en die konsert begin om 17:00.

Piekniekmandjies kan bestel word.

Die fondse ingesamel sal wees ten bate van Magdalenahuis, Huis Jabes en Alta du Toit Nasorg.

Bespreking kan gedoen word by Quicket. Kaartjies kos R150 vir volwassenes, R75 vir kinders en pensioenarisse. Familie pakkette is beskikbaar.

Vir meer inligting kontak info@welgemoedcid.co.za.

# ALMANAK 2024

Baie dankie aan ons borge wat reeds aangedui het dat hulle weereens bereid is om ‘n maand van 2024 se almanak te borg. Danksy die borge, kan ons die koste van die druk van die almanak ten volle dek.
Daar is tans ‘n paar maande waarvoor ons nog nie borge het nie. Indien jy dalk graag op hierdie manier die gemeente wil help, kontak asb vir Mariana by die kerkkantoor.
Die koste om ‘n maand te borg, beloop R600.00

# MATRIEKFEES

‘n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Noordhoek Beach Matriekfees
6 tot 13 Desember 2023
R2000 p/p (R1800 vir inskrywing voor 1 Oktober 2023)

Kontak vir Faani
083 856 1951
Re#imagne Matriekfees Noordhoek

# HUIS DE KUILEN – BUITELUG FEES



# PREEKSKETS

## TEMA – VALSE GERUSTHEID LEI TOT 'N VAL...



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: 1 Kor.10:1-22

**Die beste stuurman staan aan wal!**

- Jy kan dit nogal duidelik voor ons TVs sien met die RWC...
- Maar dis nogal sleg dat dit ook gebeur as ons die Bybel lees.
- Eintlik is die verhale soos 'n groepfoto. Herken jy nie dalk jouself daarop nie?

1. **Wat sê 1 Kor. 10?**
   - Die sleutelwoordjie hier is "almal": niemand van die volk was uitgesluit nie.
   - En tog was hulle nie almal vir God aanvaarbaar nie.
   - Dis tragies, as iemand verlore gaan só naby aan sy redding...

2. **Wat het hier gebeur?**
   - Wat het hulle gedoen, dat dit gebeur het?
     1. Hulle is deur hulle sondige begeertes gedryf.
     2. Hulle het hulle aan afgodery oorgegee.
     3. Hulle het hulself aan onsedelikheid oorgegee.
     4. En so het hulle ook al verder van mekaar af weggedryf...
   - Dis nie 'n mooi foto hierdie nie! Maar is jy nie dalk ook daarop nie?

3. **Kyk na jouself**
   - 1 Kor. 10 laat ons ‘n slag mooi na onsself kyk:
     1. Is God regtig nog nommer een in my lewe? Vra ek ooit na sy wil?
     2. Wat regeer regtig jou lewe?
     3. Hoe lyk jou verhoudinge met ander?
   - Ons is so naby! As ons net nie wegdraai, en verlore gaan nie...